# ENDOSSEMENT C2202 eff 2022-11

Die onderstaande is in die **Safire Kommersiële polis** ingesluit en is vanaf **1 November 2022** effektief.

| Afdeling: Algemeen | Aanpassing |
|---|---|
| **5. ALGEMENE UITSLUITINGS** | |
| 5.16 Ander (insluitend slytasie en geleidelike agteruitgang) | ***Die voorwaarde is as volg aangepas om dekking te verskaf onder die Elektroniese toerusting afdeling vir skade aan items wat veroorsaak is deur troeteldiere:***<br><br>*B) Nieteenstaande die voorsienings onder l) en n) hierbo, sal ons die volgende dek:*<br>*a) verlies van of skade aan voertuie wat onder die Motor afdeling van hierdie polis gespesifieer is en omvattend verseker is, en wat deur knaagdiere en huishoudelike troeteldiere veroorsaak word; en*<br>*b) verlies van of skade aan items wat onder die Persoonlike Alle Risiko's en **Elektroniese toerusting** afdelings van hierdie polis gespesifiseer is, en wat deur troeteldiere veroorsaak word.* |
| Seksuele aanranding en molestering | ***Nuwe spesifieke uitsluiting.***<br><br>*Aanspreeklikheidsdekking is nie gerig om kriminele dade te dek nie, en ons polisse bied derhalwe geen dekking vir enige voorval rakende 'n kriminele daad nie. Ten einde ons bewoording in lyn te bring met dié van ons herversekeraars, asook om ons posisie te verduidelik, sluit ons die onderstaande spesifieke uitsluiting in ons polisbewoording in:*<br>A) *Ons sal jou nie vergoed vir enige verlies of skade, waarvoor jy aanspreeklik gehou word wat voortspruit uit, of verband hou met, of bydra tot, of veroorsaak word deur enige vorm van seksuele aanranding, misbruik of molestering van enige persoon(e) deur enige van jou werknemers, 'n verteenwoordiger, agent of enige ander individu nie.*<br>*B) Bykomend sal ons jou nie vergoed / skadeloos stel vir enige regskoste wat nodig is of aangegaan is in die verdediging van enige eis / aksie vir verlies of skade wat deur 'n eiser teen jou verhaal mag word nie, voortspruitend uit seksuele aanranding, misbruik of molestering (hetsy geheel of gedeeltelik).* |

# HUISHOUDELIKE AFDELINGS

| Afdeling D01: Huiseienaars | Aanpassing |
|---|---|
| **D1.4 HUISEIENAARS DEKKING** | |
| Versekerde gebeurtenisse | ***Dekking vir diefstal deur 'n huishoudelike werknemer is aangepas.***<br>*Die vereiste dat diefstal of poging tot diefstal gepaard moet gaan met sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die geboue terwyl onder toesig van huishoudelike werknemers, is verwyder.*<br>***Nota:** Indien die versekerde gebeurtenis voortspruit uit diefstal deur 'n huishoudelike werknemer, mag ons daarop aandring dat 'n kriminele klag teen die huishoudelike werknemer aanhangig gemaak word alvorens ons die eis sal verwerk.*<br>*Klousule F) lees nou as volg:*<br>*Jy is gedek vir verlies of skade aan die geboue, veroorsaak deur die volgende versekerde gebeurtenisse wat by die perseel ontstaan of plaasvind.*<br>*F) Diefstal of enige poging tot diefstal, onderhewig daaraan dat diefstal of poging daartoe uit:*<br>*a) onbewoonde geboue; of*<br>*b) geboue onder toesig van huisoppassers; of*<br>*c) geboue deur jou geleen of verhuur; of*<br>*d) geboue in die proses van konstruksie, ombouing, opknapping, skoonmaak of herstel*<br>*gepaard gaan met sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die geboue of geweld of dreigende geweld.* |


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

### D1.5 HUISEIENAARS UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| D1.5.9 Slotte en sleutels | ***Nuwe standaard uitbreiding – addisionele dekking.***<br><br>***9. Slotte en sleutels***<br>A) *Ons sal jou vergoed vir kostes en uitgawes redelikerwys en noodsaaklik aangegaan as 'n direkte gevolg van die verlies of skade aan enige van die sleutels tot die geboue, insluitend die koste om slotte en afstandbeheertoestelle te wysig of te vervang.*<br>B) *Dekking is beperk to die bedrag genoteer in **Aanhangsel B**.* |

### D1.8 HUISEIENAARS UITSLUITINGS

| | |
|---|---|
| D1.8.3 Insakking, grondverskuiwing of opwelling | ***Hierdie uitluiting is bygevoeg om dit duidelik te maak dat die standaard gevare nie verlies of skade as gevolg van insakking, grondverskuiwing of opwelling dek nie.***<br><br>*Verlies of skade as gevolg van insakking, grondverskuiwing of opwelling sal slegs gedek word in terme van die relevante Uitbreiding of Opsionele Uitbreiding beskikbaar onder hierdie afdeling van die polis. Derhalwe kan skade of verlies slegs onder hierdie uitbreidings geeïs word.*<br>*Die uitbreiding lees as volg:*<br><br>***3. Insakking, grondverskuiwing of opwelling***<br>*Tensy andersins voor voorsiening gemaak in Uitbreiding D1.5.16 en Opsionele Uitbreiding D1.6.1, dek ons hoegenaamd nie enige skade of verlies veroorsaak deur, of as gevolg van, insakking, grondverskuiwing of opwelling nie, ondanks die feit dat die insakking, grondverskuiwing of opwelling deur enige van die versekerde gevare veroorsaak mag wees.* |

## Afdeling D02: Huisbewoners — Aanpassing

### D2.4 HUISBEWONERS DEKKING

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | ***Dekking vir diefstal deur 'n huishoudelike werknemer is aangepas.***<br>*Die vereiste dat diefstal of poging tot diefstal gepaard moet gaan met sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die geboue terwyl onder toesig van huishoudelike werknemers, is verwyder.*<br><br>***Nota:*** *Indien die versekerde gebeurtenis voortspruit uit diefstal deur 'n huishoudelike werknemer mag ons daarop aandring dat 'n kriminele klag teen die huishoudelike werknemer aanhangig gemaak word alvorens ons die eis sal verwerk.*<br><br>*Klousule F) lees nou as volg:*<br>*Jy is gedek vir verlies of skade aan die geboue, veroorsaak deur die volgende versekerde gebeurtenisse wat by die perseel ontstaan of plaasvind.*<br>*F) Diefstal of enige poging tot diefstal, onderhewig daaraan dat diefstal of poging daartoe uit:*<br>*a) onbewoonde geboue; of*<br>*b) geboue onder toesig van huisoppassers; of*<br>*c) geboue deur jou geleen of verhuur; of*<br>*d) geboue in die proses van konstruksie, ombouing, opknapping, skoonmaak of herstel*<br>*gepaard gaan met sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die geboue of geweld of dreigende geweld.* |

### D2.8 HUISBEWONERS UITSLUITINGS

| | |
|---|---|
| D2.8.1 Lys van uitsluitings | ***Uitsluiting B)c) is aangepas om dit duidelik te maak dat die uitsluiting van muntstukke, goue muntstukke insluit. Die uitsluiting lees nou as volg:***<br><br>*c) aktes, verbande, wisselbriewe, skuldbewyse, geld, tjeks, sekuriteite vir geld, seëls, lugtyd koeponne, dokumente, manuskrifte, medaljes of muntstukke (**insluitend goue muntstukke**), behalwe soos spesifiek bepaal.* |

## Afdeling D06: Watervaartuig — Aanpassing

### D6.9 WATERVAARTUIG UITSLUITINGS

| | |
|---|---|
| D6.9.10 Gebiedsbeperkings | ***Zambië is tot die gebiedsbeperkings bygevoeg.*** |


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# KOMMERSIËLE AFDELINGS

## Afdeling C01: Brand — Aanpassing

### C1.1 BRAND DEFINISIES

| | |
|---|---|
| Warmwerke | ***Definisie bygevoeg:***<br><br>*Enige werk of bewerking wat verhitting, sweis, soldering, sweissoldering, maal, smelting, blaasvlam, brandmerking of sny of enige soortgelyke aktiwiteite behels.* |

### C1.6 BRAND OPSIONELE UITBREIDINGS

C1.6.3 Prysaanpassings-klousule

***Hierdie klousule is uitgebrei om nou ook voorsiening te maak vir inflasie in die tweede jaar.***

*Die klousule lees as volg: (aanpassing in vetgedrukte skrif)*

***<u>Prysaanpassingsklousule:</u>***

***A) Gedurende die versekeringstydperk (eerste jaar):***
*Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(e), soos in die skedule genoteer, van:*
*a) geboue; en*
*b) aanleg, masjinerie en alle ander inhoud;*
*onder hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie, soos in die skedule vermeld, wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepaling slegs van toepassing op die versekerde bedrag(e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.*

***B) Ná die versekeringstydperk (tweede jaar):***
*Indien, ná afloop van 'n eis, die herinstelling of vervanging van die versekerde eiendom nog nie teen die einde van die versekeringstydperk gefinaliseer is nie, sal addisionele inflasionêre kostes, wat tot en met die finalisering van die herinstelling of vervanging deur jou aangegaan is, as volg deur ons gedek word:*
*Indien dit vermeld is in die skedule, sal die bedrag(e) wat van toepassing was gedurende die versekeringstydperk waartydens die eis onstaan het (soos verhoog deur die bepaling in A) hierbo, verder verhoog word met die persentasie soos vermeld in die skedule.*

*C) Met elke hernuwingsdatum, moet jy ons in kennis stel van die bedrag(e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. Indien jy versuim om ons in kennis te stel, word die bepalings van hierdie klousule gestaak.*

### C1.7 BRAND KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

C1.7.4 Warmwerke waarborg

***Hierdie bewoording is uitgebrei om nou die Warmwerke waarborg in te sluit. Tot op hede was die waarborg in 'n aparte dokument vervat.***

*Die waarborg lees as volg:*

***Warmwerke waarborg (indien in die skedule genoteer)***
*Jy moet aan die volgende uitdruklike waarborge voldoen:*

A) *Alle Warmwerke wat op die perseel uitgevoer word, mag slegs deur 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon uitgevoer word.*

B) *Jy, asook die persoon wat namens jou Warmwerke verrig, moet ten alle tye aan die nodige toepaslike wetgewing voldoen.*

C) *Jy, asook die persoon wat namens jou Warmwerke verrig, moet ten alle tye aan alle interne veiligheidsreëls en prosedures wat deur jou ingestel is, voldoen.*

D) *Alle Warmwerke moet, sover as redelik moontlik, slegs verrig word in die aangewese en toepaslik toegeruste sweisbaai/perseel of werkswinkel area, welke area ingerig is vir Warmwerke.*

E) *Enige Warmwerke sal:*
   *a) slegs uitgevoer word indien jy, jou werknemers, jou kontrakteurs, jou agente of enige persoon onder jou beheer of toesig, alle redelike voorsorgmaatreëls getref het om 'n onbeheersde brand of die verspreiding daarvan in en vanaf die area waar die Warmwerke verrig word, te verhoed.*
   *b) slegs uitgevoer word indien dit veilig is van 'n algemene brandveiligheid perspektief, in ag genome die algemeen aanvaarde brandveiligheidpraktyke.*


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

c) *slegs uitgevoer word indien 'n persoon wat toepaslik gekwalifiseerd en ervare is om die Warmwerke te verrig, persoonlik teenwoordig is op die perseel waar die Warmwerke verrig word, welke persoon ten alle tye teenwoordig moet wees terwyl die Warmwerke verrig word.*
d) *slegs uitgevoer word indien daar voldoende brandbestrydingstoerusting op die perseel is waar die Warmwerke verrig word, met behoorlike inagneming van die spesifieke omgewing en omstandighede (van 'n risiko-assessering perspektief) wat teenwoordig mag wees.*
e) *slegs uitgevoer word indien vlambare materiaal, in die onmiddellike omgewing waar die Warmwerke verrig word, verwyder is om te verhoed dat die omgewing waar die werk verrig word, aan die brand slaan. Indien die Warmwerke oorhoofs verrig word, moet alle vlambare materiaal onder die oorhoofse area verwyder word, om te verhoed dat die area as gevolg van die Warm werke aan die brand slaan.*

F) *Jy moet verseker dat enige gebied waar die Warmwerke verrig word, ná afhandeling van die Warmwerke, vir 'n minimum van 60 (sestig) minute gemonitor word, ten einde te verseker dat geen brandgevaar bestaan nie.*

G) *Alle toerusting moet ná afhandeling van die Warmwerke in die afgebakende bergingsarea gestoor word.*

H) *Jy onderneem om ten alle tye gedurende die bestaan van die versekeringspolis, 'n geskrewe Warmwerke beleidsdokument te implementeer en af te dwing.*

I) *Bogenoemde beleidsdokument moet vereis dat enige persoon wat Warmwerke op die perseel wil verrig, aansoek moet doen vir toestemming om sodanige Warmwerke te verrig in lyn met die relevante Warmwerke permit dokumentasie.*

J) *Alvorens jy, jou werknemers, jou kontrakteurs, jou agente of enige persoon onder jou toesig of beheer, Warmwerke verrig, moet jy verseker dat:*
a) *die Warmwerke permit behoorlik deur jou of 'n senior bestuurder voltooi, goedgekeur en afgeteken is;*
b) *die persoon aan wie die permit uitgereik is, die verpligtinge, soos uiteengesit in die Warmwerke permit, verstaan;*
c) *die persoon aan wie die permit uitgereik is, onderneem om aan die verpligtinge, soos uiteengesit in die Warmwerke permit, te voldoen.*

K) *Indien ons aanvoer dat die brand onstaan het, veroorsaak is of in enige manier verbonde is aan die Warmwerke, sal die onus op jou berus om te bewys dat die brand nie ontstaan het, veroorsaak is of verbonde is aan die Warmwerke nie.*

## Afdeling C02: Geboue omvattend — Aanpassing

### C2.1 GEBOUE OMVATTEND DEFINISIES

**Warmwerke**

***Definisie bygevoeg:***

*Enige werk of bewerking wat verhitting, sweis, soldering, sweissoldering, maal, smelting, blaasvlam, brandmerking of sny of enige soortgelyke aktiwiteite behels.*

### C2.6 GEBOUE OMVATTEND OPSIONELE UITBREIDINGS

**C2.6.1 Prysaanpassings-klousule**

***Hierdie klousule is uitgebrei om nou ook voorsiening te maak vir inflasie in die tweede jaar.***

*Die klousule lees as volg: (aanpassing in vetgedrukte skrif)*

***Prysaanpassingsklousule:***

A) ***Gedurende die versekeringstydperk (eerste jaar):***
*Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(e) ingevolge onder-afdeling A, van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die skedule vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperl. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepaling slegs van toepassing op die versekerde bedrag(e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.*

B) ***Ná die versekeringstydperk (tweede jaar):***
*Indien, ná afloop van 'n eis, die herinstelling of vervanging van die versekerde eiendom nog nie teen die einde van die versekeringstydperk gefinaliseer is nie, sal addisionele inflasionêre kostes, wat tot en met die finalisering van die herinstelling of vervanging deur jou aangegaan is, as volg deur ons gedek word:*


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| | *Indien dit vermeld is in die skedule, sal die bedrag(e) wat van toepassing was gedurende die versekeringstydperk waartydens die eis onstaan het (soos verhoog deur die bepaling in A) hierbo, verder verhoog word met die persentasie soos vermeld in die skedule.*<br>*C) Met elke hernuwingsdatum, moet jy ons in kennis stel van die bedrag(e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. Indien jy versuim om ons in kennis te stel, word die bepalings van hierdie klousule gestaak.* |

### C2.7 GEBOUE OMVATTEND KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

| | |
|---|---|
| C2.7.3 Warmwerke waarborg | ***Hierdie bewoording is uitgebrei om nou die Warmwerke waarborg in te sluit. Tot op hede was die waarborg in 'n aparte dokument vervat.***<br><br>*Die bewoording van die waarborg is soos uiteengesit in F1.7.4 onder die Brand Afdeling hierbo.* |

## Afdeling C03: Kantoorinhoud — Aanpassing

### C3.8 KANTOORINHOUD UITSLUITINGS

| | |
|---|---|
| C3.8.2 Gebiedsperke | ***Zambië is tot die gebiedsbeperkings bygevoeg.*** |

## Afdeling C07: Geld — Aanpassing

### C7.3 GELD DEKKING

| | |
|---|---|
| C7.3.1 Versekerde gebeurtenisse | ***Zambië is tot die gebiedsbeperkings bygevoeg.*** |

## Afdeling C10: Goedere in transito — Aanpassing

### C10.1 GOEDERE IN TRANSITO DEFINISIES

| | |
|---|---|
| Vervoermiddel | ***Definisie bygevoeg:***<br>*Alle voertuie wat deur jou besit, gehuur of geleen word.* |

### C10.3 GOEDERE IN TRANSITO DEKKING

F10.3.1 Versekerde gebeurtenisse

***Hierdie klouse is aangepas om bovermelde definisie in te sluit en lees as volg: (aanpassings in vetgedrukte skrif)***

***1. Dekkingstipes***

*A) Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling is onderhewig aan die skadeloosstellingsperk asook die tipe dekking wat jy gekies het, soos vermeld in die skedule.*

*B) Daar is 3 (drie) dekkingstipes ingevolge hierdie afdeling van die polis, naamlik:*

*a) **Dekking vir alle risiko's** (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)*
*Verlies van of skade aan die geheel of gedeelte van die eiendom vermeld in die skedule, wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is, in die verloop van vervoer van die eiendom deur die vervoermiddel **soos gedefinieer of** vermeld in die skedule, of ander verwante wyse en veroorsaak deur enige ongeluk of teëspoed nie andersins uitgesluit nie, met dien verstande dat aanspreeklikheid vir alle verlies of skade voortspruitend uit enige enkele versekerde gebeurtenis nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule oorskry nie.*

*b) **Brand, ontploffing, botsing, ontsporing, omslaan en diefstal** (indien in die skedule genoteer)*
*Die versekering ingevolge hierdie dekking is beperk tot verlies of skade wat voortspruit uit:*
*1. brand of ontploffing; of*
*2. botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel **soos gedefinieer of** vermeld in die skedule; en*
*3. diefstal na aanleiding van enige van die voormelde gebeurtenisse.*

*c) **Brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan** (indien in die skedule genoteer)*
*Die versekering ingevolge hierdie dekking is beperk tot verlies of skade wat voortspruit uit:*
*1. brand of ontploffing; of*
*2. botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel **soos gedefinieer of** vermeld in die skedule.*


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

### C10.5 GOEDERE IN TRANSITO OPSIONELE UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C10.5.3 Lewende hawe | ***Hierdie Opsionele Uitbreiding is aangepas om kaping in te sluit.***<br><br>*Klousule B) lees nou as volg: (aanpassings in vetgedrukte skrif)*<br><br>***3. Lewende hawe***<br>B) Met inagneming van die betaling van 'n addisionele premie, is hierdie afdeling uitgebrei om dood van of verlies van lewende hawe te dek wat veroorsaak is deur:<br>a) brand of ontploffing; of<br>b) botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel **soos gedefinieer of** vermeld in die skedule; en<br>c) diefstal na aanleiding van enige van die voormelde gebeurtenisse; en<br>**d) kaping gedurende transito;**<br>terwyl vervoer word binne die gebiedsperke. |

### C10.7 GOEDERE IN TRANSITO UITSLUITINGS

| | |
|---|---|
| C10.7.7 Gebiedsperke | ***Zambië is tot die gebiedsbeperkings bygevoeg.*** |

# AANSPREEKLIKHEIDSAFDELINGS

| Afdeling LC01: Gemeenregtelike Aanspreklikheid (Kommersieel) | Aanpassing |
|---|---|

### LC1.3 GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID DEKKING

| | |
|---|---|
| LC1.3.2 Skadeloosstellingsperk | ***Hierdie klouse is aangepas om na die skadeloosstellingsperk in Aanhangsel B te verwys en lees as volg: (aanpassings in vetgedrukte skrif)***<br><br>***2. Skadeloosstellingsperk***<br>*Die bedrag wat betaalbaar is, insluitende enige regskoste wat teen jou deur enige eiser(s) verhaal mag word en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word vir enige gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule* ***of Aanhangsel B, welke ookal die minste is, oorskry nie.*** |
| LC1.3.3 Gebiedsperke | ***Zambië is tot die gebiedsbeperkings bygevoeg.*** |

### LC1.7 GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID UITSLUITINGS

| | |
|---|---|
| LC1.7.8 Jurisdiksie | ***Zambië is tot die gebiedsbeperkings bygevoeg.*** |

# MOTOR AFDELING

| Afdeling MC01: Motor (Kommersieel) | Aanpassing |
|---|---|

### MC1.6 MOTOR KLOUSULES, VOORWAARDES EN WAARBORGE

| | |
|---|---|
| MC1.6.8 Satelietopsporing | ***Verwysing na satelietopsporingstoestelle wat voor 1 April 2018 geïnstalleer is, is verwyder.*** |
| MD1.6.11 Insleep ná 'n ongeluk | ***Zambië is tot die gebiedsbeperkings met betrekking tot die insleep van voertuie buite die Republiek van Suid-Afrika bygevoeg.*** |

### MC1.7 MOTOR UITSLUITINGS

| | |
|---|---|
| MC1.7.6 Gebiedsperke | ***Zambië is tot die gebiedsbeperkings bygevoeg.*** |


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AANHANGSEL A: BYBETALINGS

## NIE-MOTOR BYBETALINGS

| Afdeling: Algemeen | Huidige bybetaling | Aangepaste bybetaling |
|---|---|---|
| Weerlig / kragstuwing | *10% van bruto eis, minimum R1 000* | *10% van bruto eis, minimum **R1 500*** |
| Alle vloedskade as gevolg van oorstroming van die Vaal- en Oranjeriviere se rivieroewers | *25% van eis* | ***Geen dekking*** |

| Afdeling D01: Huiseienaars | Huidige bybetaling | Aangepaste bybetaling |
|---|---|---|
| Sonpanele en songeisers | *R1 000 per eis* | ***10% van eis**, minimum R1 000* |
| Insakking, opwelling of grondverskuiwing | *5% van versekerde waarde, minimum R5 000, maksimum R25 000* | ***1%** van versekerde waarde, minimum R5 000* |

## MOTOR BYBETALINGS

| Kategorie A: Sedans / LAW'e | Huidige bybetaling | Aangepaste bybetaling |
|---|---|---|
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar (beskrywing van gebruik: **privaat** of **boerdery**):<br>a) bruto eis minder as R200 000<br>b) bruto eis meer as R200 000 | <br><br>*a) R3 850 per eis*<br>*b) 2.5% van bruto eis* | <br><br>*a) **R4 500** per eis*<br>*b) 2.5% van bruto eis* |
| 2. Basiese eerste bedrag betaalbaar (beskrywing van gebruik: **besigheid**):<br>a) bruto eis minder as R200 000<br>b) bruto eis meer as R200 000 | <br>*a) R3 850 per eis*<br>*b) 2.5% van bruto eis* | <br>*a) **R4 500** per eis*<br>*b) 5% van bruto eis* |

| Kategorie B: Kommersiële voertuie | Huidige bybetaling | Aangepaste bybetaling |
|---|---|---|
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar:<br>a) Versekerde waarde minder as R250 000 | <br>*a) 5% van bruto eis, minimum R3 850* | <br>*a) 5% van bruto eis, minimum **R4 500*** |

| Kategorie D: Motorfietse | Huidige bybetaling | Aangepaste bybetaling |
|---|---|---|
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar | *5% van bruto eis, minimum R1 000* | *5% van bruto eis, minimum **R1 500*** |

# AANHANGSEL B: PERKE

| Afdeling D01: Huiseienaars | Huidige perk | Aangepaste perk |
|---|---|---|
| Uitbreiding D1.5.12 Kragstuwing (tensy andersins vermeld in die polisskedule) | *R10 000 per eis* | ***R5 000** per eis* |

| Afdeling D02: Huisbewoners | Huidige perk | Aangepaste perk |
|---|---|---|
| Uitbreiding D2.5.15 Kragstuwing (tensy andersins vermeld in die polisskedule) | *R10 000 per eis* | ***R5 000** per eis* |

| Afdeling LC01: Gemeenregtelike aanspreeklikheid (Kommersieel) | Huidige perk | Aangepaste perk |
|---|---|---|
| Aanspreeklikheids perk | *Die perk vir ieder en elke eis soos in die skedule vermeld* | *Die perk vir ieder en elke eis soos in die skedule vermeld, **beperk tot 'n maksimum van R50 000 000 in jou 12-maande versekeringstydperk*** |


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou